

## Voëlvlug van ‘n Afrikanergeskiedenis van 350 jaar

*HERMANN GILIOMEË*

Volgende jaar, 2002, sal dit 350 jaar wees dat afstammeling van die eerste Europese koloniste in hierdie land woon. Deesdae word hulle, saam met ander wat ingetrou of buite eg ingelyf is, Afrikaners of Afrikaanses of Afrikane genoem. Daar is by sommige instansies en meningsvormers ‘n poging om die grense uit te skuif en met ‘n enkele naam alle Afrikaanssprekendes te omvat, maar bruin en swart Afrikaanssprekendes staan na eeue van uitsluiting nog skepties teenoor hierdie maneuver.

Die begrip Afrikaner word in hierdie artikel in ‘n etniese sin gebruik met die konnotasie van ‘n bepaalde afkoms en gedeelde historiese bewussyn. ‘n Meningsopname wat in 1994 gedoen is om vas te stel hoe Suid-Afrikaners hulself maatskaplik definieer, het gevind dat die grootste groep wit Afrikaanssprekendes (42 persent) hulself as

- 
- ◆ Prof. Hermann Giliomee was as jong akademikus verbonde aan die departement geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Tussen 1983 en 1998, was hy professor van politieke studies aan die Universiteit van Kaapstad. Hy is tans buitengewone professor van geskiedenis aan US en skryf voltyds. Hy is mederedakteur van *The Shaping of South African Society, 1652-1840* en medeskrywer van *Afrikaner Political Thought, 1780-1850: documents and Analyses*.

*Historia* 46(1), Mei 2001, pp. 5-24.

Afrikaners of wit Afrikaanssprekendes identifiseer. Dit is laer as die respondente in die swart monster onder wie omtrent twee-derdes hulself as Zulus of Pedis beskryf, maar hoër as Engelssprekende blankes, onder wie net meer as 'n kwart hulself op 'n etniese wyse identifiseer.<sup>1</sup> Daar is sekerlik 'n behoefte aan 'n geskiedenis van Afrikaanssprekendes in landstreke soos die Wes-Kaap, maar in hierdie bespreking gaan dit oor die Afrikaners in die sin wat dit gewoonlik in die geskiedskrywing gebruik word.

### **'n Mooi maar harde land**

Suid-Afrika, het die historikus C.W. de Kiewiet in 1941 opgemerk, is 'n land met laegraad grond, laegraad gouderts, en laegraad mense.<sup>2</sup> Daar het maar 90 soldate en matrose saam met Jan van Riebeeck aan wal gestap. 'Swak en onkundige mense', het hy hulle genoem.<sup>3</sup> In 1657 het hy nege amptenare toegelaat om vryburgers te word. Die regering was nooit heeltemal seker of dit Europeërs moes gebruik om die boere van die kolonie te word nie. Die getuienis was dat Europeërs in die kolonies lui, opstandig en gemaksgtig word as hulle vry was om self te boer of 'n onderneming in 'n dorp of stad te begin. Hulle het eerder ander mense gedwing of gehuur om die handarbeid te verrig as om self te werk. Sterk stemme het gewaarsku dat Van Riebeeck liever Chinese of vryswartes (vrygestelde slawe) moes gebruik, wat self op die lande sou werk.

Blou bloed het die Hollandse, Duitse en Franse immigrante wat die eerste 150 jaar die land ingekom het gewis nie gehad nie. Hulle was nou wel nie die drek en uitvaagsels van die samelewing nie, maar die groot gros was mense wat in Europa ongeskoolde of halfgeskoolde arbeiders was of op die land gewerk het.

De Kiewiet se verwysing na laegraad grond onderstreep die feit dat Suid-Afrika vir die grootste deel geen natuurlike landbouland is nie en dat kommersiële boerdery in die algemeen eers teen die aanvang van Wêreldoorlog II stewig op die been gekom het en wel met massiewe regeringsteun. Behalwe vir die wyn-en koringboere van die Wes-Kaap en wolboere van die Oos-Kaap was die meeste boere vir 'n groot deel

- 
1. E. BORNMAN, 'Ethnicity in South Africa: Fact or Fallacy?' (Ongepubliseerde referaat, FAK, Januarie 2000).
  2. C.W. DE KIEWIET, *a History of South Africa*, (Oxford University Press, Oxford, 1941), pp. 212-213.
  3. A. BÖESEKEN, 'Die koms van die Blankes onder Van Riebeeck', in C.F.J. MULLER (Red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Academica, Pretoria, 1980), p. 22.

van die geskiedenis bestaansboere wat met vee geboer het op weiveld wat middelmatig tot swak was en met 'n mark wat afgeleë en onseker was. Tot ongeveer die 1870s was dit egter steeds moontlik om, wanneer die weiveld uitgeput was, verder te trek en nuwe grond te beset. In 1890 het *Die Patroit*, die eerste Afrikaanse koerant, heeltemal tereg opgemerk:

Ons land is o'er de algemeen ni 'n vet en ryk land ni, wat dik kan bewoon word ni. As ons boere met vee wil omgaan, moet hulle ruimte hê, en ons land is vol sodat daar byna geen ruimte meer is ni. As ons boere ni meer kan trek ni, dan is armoede di voorland.<sup>4</sup>

In daardie stadium was die Afrikaners dun versprei oor die hele oppervlakte van Suid-Afrika behalwe die suidoostelike kusvlakte. Tussen 1890 en 1940 het 'n kwart en miskien selfs 'n derde van die Afrikaners in erbarmlike armoede verval. Dit was omdat die grond nie meer 'n bestaan vir hulle gebied het nie en omdat hulle geen vaardighede gehad het wat hulle op die dorp of in die stad kon gebruik nie.

Met laegraad mense het De Kiewiet bedoel dat selfs so laat as die 1930s die blankes as die polities dominante groep 'n baie gebrekkige onderwys gehad het met min blanke skoliere wat verder as Standaard Ses gevorder het. Oor die algemeen het die Afrikaners hulself eers in hierdie dekade vir geskoolde ambagte begin bekwaam. In die twintigste eeu het die hoë lewenstandaard en hoë lone van 'n deel van die blanke bevolking blankes gerus op baie lae lone of inkomste van die meeste swart-en bruinmense, maar ook 'n aansienlike segment van die witmense.

### **'n Ambivalente groepsgevoel**

Die groot vraag is waarom die klompie witmense wat Hollands of Afrikaans gepraat het, wat amper weggegooi is in Afrika, oor 'n groot gebied versprei geraak het, en oor die algemeen swak opgevoed en kwalik geletterd was aan hulself begin dink het as 'n gemeenskap en later as 'n volk.

'n Antwoord moet begin met die opmerking dat die identiteit van die Afrikaner ontwikkel het saam, en ook verweef geraak het, met ander maatskaplike identifikasies. Een was burgerskap. Die

---

4. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner* (Perskor, Johannesburg, 1977), vol.4, p.65.

Kompanjiesbewind het van sy amptenare vrygestel om burgers te word. Dit was 'n bepaalde wetlike status met regte en verpligtinge. In die praktyk was burgers die enigste mense aan wie die regering grond toegeken het; hulle was al wat ampte soos dié van veldkornet beklee het; en hulle moes kommandodiens doen, waarna hulle gewoonlik die grootste deel van die buit vir hulself gevat het. Hulle kon nie verslaaf word nie, maar het oor die algemeen 'n heelwat laer status as die burgers in Nederland geniet.

Die ander identifikasie was dié van Christen. Om Christen te wees, het beteken dat 'n mens in die kerk gedoop kon word en kon trou. 'n Christen was eweseer lid van 'n bepaalde politieke gemeenskap as lid van 'n geloofsgemeenskap, maar daar was twee soorte Christene. Europese kinders se ouers was omtrent sonder uitsondering Christene en is as gebore Christene en deel van die verbond wat God met gelowiges gesluit het beskou. Hulle is gou na hul geboorte gedoop en sonder veel vrae aangeneem.

Die kinders van slawe (of Khoikhoi) wie se ouers nie Christene was nie, moes eers in teenstelling hiermee eers onderrig word in die Christelike leer en behoorlik daarvoor kon verslag gee voordat hulle gedoop en aangeneem is. Min bruin of swart kinders van slawe of Khoikhoi (Hottentotte) het daarin geslaag om oor al die hekkies te spring en uiteindelik aangeneem te word. Die kerk buite Kaapstad het binne die eerste eeu vir alle praktiese doeleindes 'n wit kerk geword sonder dat rassisme eksplisiet verkondig is.<sup>5</sup>

Naas die kerk was die Europese vrou die kritieke faktor in die vorming van 'n bepaalde identiteit. In die sewentiende en agtiende eeu het die vrou in Nederland meer regte as ander Europese vroue geniet. Hulle kon hul mans skei en by sowel egskeiding as die eggenoot se heengaan het die helfte van die boedel na hulle oorgegaan. Die blanke mans het baie gou geleer om in hul spoor te trap as hulle nie 'n aansienlike deel van hul besittings kwyt wou wees nie.

Aanvanklik was daar heelwat gemengde huwelike, maar ná 1725 toe daar 'n beter balans tussen die getal Europese mans en Europese vroue ontstaan het, het dit 'n al seldsamer verskynsel geword. Die wit vrou het skanse opgerig teen enige onegte kinders wat haar man of seuns verwek het en in die huis wou bring. In 'n Katolieke kolonie soos Brasilië was dit 'n totaal ander storie.

Teen hierdie agtergrond het verbintenisse tussen wit mans en swart of wit en bruin meestal in die geheim plaasgevind. Kinders wat hieruit

---

5. J.N. GERSTNER, *The Thousand Generation Covenant: Dutch Reformed Covenant Theology and Group Identity in Colonial South Africa, 1652-1814* (E.J. Brill, Leiden, 1991).

gebore is, het slawe geword of is, as hulle gelukkig was, in die klein gemeenskap van vrygestelde slawe opgeneem.

Die maatskaplike identifikasies van burger wees, gebore Christen wees en blanke wees het grootliks oorvleuel. In die loop van die agtiende eeu is Afrikaner-wees by hierdie identifikasies gevoeg. Die agtiende eeuse kolonis het na hom- of haarself as Christen eerder as na enige van die ander identifikasies verwys.

### **'n Omstrede naam en taal**

Die term Afrikaner het nie dadelik wyd inslag gevind nie. Die blanke Afrikaners was nie die enigste mense wat Afrikaners genoem is nie. Die term het lank ook gedui op slawe of mense van gedeeltelike slawe afkoms wat in Afrika gebore is. Dit het veral betrekking gehad op dié met 'n ligte velkleur.

Die eerste rekord wat ons het van 'n blanke wat homself 'n Afrikaner noem, is 'n dokument van 1707. Soos omtrent alle dinge wat die Afrikaners raak, is die hele episode in groot dubbelsinnigheid en omstredenheid gehul. Sekere historici vermeld net die feit dat 'n jong man Hendrik Biebouw van Duits-Hollands afkoms (aanvanklik het hulle sy van verkeerdelik verfrans) op 'n dag op Stellenbosch uitgeroep het: 'Ek is 'n Afrikaner!' Die konteks wat hulle beklemtoon, is die stryd wat die vryburgers gevoer het teen Willem Adriaan van der Stel en ander vooraanstaande amptenare wie se onwettige privaat boerdery gedreig het om die vryburgers finansieel te knak. Biebouw se kreet word deur hulle geïnterpreteer as dié van 'n man wat van sy nasieskap bewus geword het.

Ander meld die feit dat Biebouw op die betrokke Sondag op Stellenbosch dronk en baie rumoerig was. Die landdros, Johannes Starrenburg, 'n geleerde Duitser wat die groot regsstudies van sy tyd gelees het, het hulle gemaan om stil te bly en 'n paar houe met 'n karwats na Biebouw gemik. Hierop het die jong man uitgeroep:

'k wil niet loopen, 'k ben een Africaander al slaat die landrost myn dood, of al setten hij mijn in den tronk. Ik sal, nog wil niet swygen.'<sup>6</sup>

Die arme Hendrik Biebouw, as die sogenaamde eerste Afrikaner, het 'n treurige einde gehad. Die regering wou die opstandige jong blanke leeglopers – want dit is wat Biebouw was – 'n deeglike les leer. Hy is

---

6. J.M.L. FRANKEN, 'Hendrik Bibault of die opkoms van 'n volk', *Die Huisgenoot*, 21 September 1928, pp.9-13.

in die tronk gegooi, afgeransel en verban. Sy skip het naby die huidige Australië gesink. Hy het waarskynlik die land gehaal en daar is 'n teorie dat hy die siekte porfirie aan die inboorlinge oorgedra het. Daar is geen Biebouw afstammeling in Suid-Afrika nie. Die eerste Afrikaner was ook die eerste immigrant na Australië, en sy uittog was gedwonge en ramspoedig.

Na Biebouw neem dit ongeveer 90 jaar voor die burgers meer algemeen na hulself as Afrikaners verwys, maar hulle noem hulself nog steeds ook Christene of burgers.

Die eerste keer dat die term Afrikaner, of liever die variant daarvan 'Afrikanen', as deel van 'n politieke projek ingespan word, kry ons in 1830 toe die eerste Hollandse koerant, *De Zuid-Afrikaan*, aan die Kaap verskyn. In sy eerste hoofartikel rig die koerant tot alle 'Afrikanen', wat dit omskryf as 'alle Kolonisten, zowel oude [die Hollandssprekende element] als nuwe [die Britse element]'. Dit herhaal: 'Afrikanen' is alle mense, Engels sowel as Hollands, wat in die land woon, hul bestaan uit sy skoot trek en sy welsyn bevorder.<sup>7</sup>

Die wyse waarop die hoofartikel met die term omgaan, maak dit duidelik dat die Hollandse Afrikaners die Engelssprekende blankes wil omarm en die hoop koester dat hulle ook die naam Afrikaner sal toe-eien. Terselfdertyd sluit die definisie implisiet bruin en swart Afrikaanssprekers uit. Hulle was nie grondbesitters en lede van die oorwegend blanke kerk nie. Hulle word dus nie as 'kolonisten' gereken nie en ook nie as 'Afrikanen' nie.

Dit is egter die bruin- en swartmense wat saam met die burgers die taal Afrikaans help smee het. En van die beste vroeë beskrywings van die ontwikkeling van Afrikaans word in 1830 deur 'n Nederlander gegee wat as hoftolk in Kaapstad gewerk het. Ek gee dit in Afrikaans:

Dit is 'n heeltemal nuwe taal vir my, naamlik 'n vorm van baster Hollands, wat in hierdie land gepraat word deur die boere en slawe en ook deur die Hottentotte en alle soorte van vry heidense stamme. Dit is nie heeltemal vreemd vir die meer beskaafdes onder die Christene en die leidende klasse nie, met die uitsondering van diegene wat in Nederland gebore is en daar hul opleiding ontvang het.<sup>8</sup>

Dit is opvallend dat in later jare wanneer verkiesings op hande was die definisie van Afrikaners uitgeskuif is om ook gekleurdes te omvat.

---

7. REDAKSIONELE KOMMENTAAR, *De Zuid-Afrikaan*, 9 April 1830.

8. J.G. SWAVING, J.G. Swaving's zonderlinge ontmoetingen en wonderbaarlijke lotswisselingen na zijne vlugt uit Delft (Dordrecht: Blussé en Van Braam, 1830), pp.302-03.

Toe die Afrikaner Bond 50 jaar later gestig word, rig hy hom tot 'n minder eksklusiewe groep. In sy 1883 grondwet verklaar die Bond:

De Bond kent geen nationaliteit hoegenaamd, dan alleen die der Afrikaners, en beschouwt als daartoe behorend een ieder, van welke afkomst ook, die de welvaart van Zuid-Afrika beoogt.<sup>9</sup>

J.H. ('Onze Jan') Hofmeyr, leier van die Afrikaner Bond, soos Jan Smuts en J.B. M. Hertzog later, het altyd hierdie inklusiewe definisie van die Afrikaners voorgestaan: witmense wat Suid-Afrika se heil voorop stel. Die definisie van die Afrikaners as 'n eksklusiewe etniese groep met bepaalde geloofsoortuigings, het eers gedurende die 1930s en 1940s gewild begin word.

Ten spyte daarvan dat die Afrikaners teen hulle gediskrimineer het, het bruinmense Afrikaans bly praat, in die privaat en in die openbaar. In die 1840 het Moslems in Kaapstad die eerste gedrukte boeke in Afrikaans uitgegee. Dit was gebedeboekies in die Arabiese skrif. Vyftig later was die bruinmense van Kaapstad die enigste in die stad wat die taal entoesiasies gepraat het, terwyl die meeste opgevoede blanke Afrikaners krom en skeef hulself in Engels of Hollands probeer uitdruk het.

Die Engelssprekendes wou oor die algemeen nie Afrikaners wees nie. Hulle wou ook nie Britse Suid-Afrikaners wees nie. In die negentiende eeu het hulle na hulself verwys as 'Britte' of die 'Britse element'. In die meer jingoïstiese kringe soos die *Cape Times* en *Cape Argus* is die spot gedryf met die term Afrikaner. In 1877 het die *Cape Times* geskryf dat die naam Afrikaner 'was originally applied to the half-bred offspring of slaves, and even in word the mark of slavery is detestable'.<sup>10</sup> In hierdie tyd het die Kaapstadse munisipaliteit 'n sensus opgeneem van prostitute. Bo aan die lys was 'Afrikaners', bedoelende vroue van gemengde afkoms.

Die wit Afrikaners van die Kaapkolonie het 'n stryd gehad om gerespekteer te word deur die Britte, wat oor die algemeen beter opgevoed en ontwikkel was. Terselfdertyd het Afrikaners weer hul bes probeer om hulself maatskaplik bo die bruin- en swartmense in hul midde te verhef. Hierdie begeerte tot respektabiliteit het gelei tot die

---

9. J.H. HOFMEYR, *Het Leven van Jen Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)* (Van de Sandt de Villiers, Kaapstad, 1913), p.712. Vir 'n verdere bespreking van die gebruik van die term Afrikaner sien my 'Die Ontwikkeling van Selfkonsepsies by die Afrikaner' in H.W. van der Merwe (Red.), *Identiteit en Verandering* (Tafelberg, Kaapstad, 1975). Die opstel is deur dieselfde redakteur in Engels in die bundel getitel *Looking at the Afrikaner Today* gepubliseer.

10. REDAKSIONELE KOMMENTAAR, *Cape Times*, 5 Mei 1877.

fatale dwaalspoor van veral S.J. du Toit en sy Patriotters en later ook C.J. Langenhoven om Afrikaans as 'n witmanstaal aan te bied en te probeer bemark.

### **'n Traumatiese verstedelikingsproses**

De Kiewiet het gepraat van laegraad grond, goud en mense. Laegraad goud se impak was net so groot as die ander twee. Die land se goud kon net teen 'n wins uitgehaal word deur groot getalle arbeiders wat teen 'n baie lae loon gewerk het. Swart mans wat in kampongs gebly het, het al die ongeskoolde werk teen lae lone verrig. Die arbeidspatroon op die myne is na die fabriek uitgebrei. Die geskoolde arbeid op die myne en in die fabriek is gevul deur Engelse en ander immigrante wat gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu in 'n groot golf oor die land gespoel het. Tussen 1870 en 1904 het daar in Suid-Afrika 400 000 blanke immigrante ingekom, 'n syfer dubbel die van die totale Afrikanerbevolking van 200 000 teen 1870.

In 1925 het Ernest Stubbs, 'n vroeë aanhanger van segregasie, geskryf dat in enige ander land die swak geskoolde Afrikaners, wat in die eerste drie of vier dekades van die twintigste eeu begin verstedelik het, 'n bepaalde plek in die arbeidersklas sou vind. In Suid-Afrika het die ongeskoolde of semi-geskoolde Afrikaners armblanke hom egter in 'n soort niemandsland bevind. Hy was vasgevang tussen die geskoolde Engelssprekende arbeidersaristokrasie, wat baie goed besoldig was, en die ongeskoolde of halfgeskoolde swartes, wat teen die helfte van sy loon gewerk het. Albei die groepe het hom minag. Hy wou nie die werk van swartes doen nie, maar het wat Stubbs noem 'n soort 'fancied superiority' ontwikkel, wat gemaak het dat hy van min nut vir die ekonomie en die staat was. 'In time' so sluit Stubbs af, 'he becomes unemployable and a mere incubus.'<sup>11</sup>

Vir die meeste Afrikanerwerkers was daar net 'n onsekere plek in semi-geskoolde of toesighoudende hoedanigheid – 'n plek wat hy net kon behou as die baas hom oor hom ontferm het of as die staat se wette hom beskerm het. Dit is hoekom die Afrikaner se verstedeliking van die eerste helfte van die twintigste eeu so 'n traumatiese gebeurtenis was, en waarom die beleid van 'beskaafde arbeid' gedurende die eerste ampstermyn van 'n Nasionale Party regering (1924-1929) ingestel is.

Die beleid van apartheid as beleid het tussen 1938 en 1948 vorm aangeneem. Teen 1945, toe Wêreldoorlog II beëindig is, was die arm blanke probleem reeds in 'n groot mate deur staatsinmenging en die

---

11 . E. STUBBS, *Tightening coils: An essay on segregation*, (Hollingtons, Pretoria, 1925), pp.2-3.



oorlogseconomie uitgewis. By die NP leiers was daar egter nog 'n groot obsessie om die armer Afrikaners in 'n posisie te plaas waar hulle, soos die partyleiding dit gestel het, witmense soos witmense kon leef. Apartheid kan die beste verstaan word as 'n mens kyk na die Afrikaners se ekonomiese profiel in die sensusopname van 1946: 30 persent was op plase boere waarvan die meerderheid groot staatsteun benodig het om winsgewend te wees; 40 persent was bloukraagwerkers waarvan 'n aansienlike deel teen kompetisie met ewe vaardige bruinmense of swartmense beskerm wou word, en net 30 persent was witkraagwerkers. Apartheid was 'n rewolusie van die Afrikaner intelligentsia ten behoeve van die armer deel van hul gemeenskap.

Danie Malan, seun van D.F., skryf dat sy pa hom vertel het dat hy nie in sy jonger jare enige sterk rassegevoel gehad het nie. Hy het graag tee gedrink in die huis van 'n bejaarde kleurling egpaar op hul plaas, wat vroeër slawe was. Die een ding wat hom tot tranes kon stem, was die lot van die armlankes in die stad.<sup>12</sup>

Dit is die agtergrond waarteen D.F. Malan in 1939 'n opmerking gemaak het, wat miskien beste die apartheid manier van dink verwoord.

Die blanke ongeskoolde of halfgeskoolde werkers waar hulle in mededinging is met die nie-blankes is in die nadeel. 'Die blanke' omdat hy 'n blanke is, word verwag om 'n blanke lewensstandaard te handhaaf. Hy moet sover dit die opvoeding van sy kinders betref, sover dit sy voedsel en kleding en behuising betref, en alles wat in verband staan met die blanke lewensstandaard, leef as 'n blanke. U kan begryp dat in die omstandighede die mededinging vir die blankes dodend (sic) is, en terwyl die nie-blankes in die heersende omstandighede kan opklim, moet die blanke ondergaan en moet hy sak laer as die peil selfs wat ons die armlankedom noem<sup>13</sup>

Malan se stelling spreek aan die een kant van die blindheid vir die feit dat bruin en swart aspirasies dieselfde was as dié van blankes; aan die ander kant is daar die dwingende begeerte om die laer inkomste blankes 'n gevoel van sekuriteit te gee.

---

12. UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH: J.S. Gericke Biblioteek, D.F. Malan versameling, Manuskrip deur D.F. Malan. Jnr.

13. UNIE VAN SUID-AFRIKA, *Debatte van die Volksraad*, 1939, kol.5524.

## Afrikanermag en inkomsteverdeling

Gedurende die 1950s en 1960s is die NP verskillende partye in een.  
Dit was:

‘n apartheidparty;

‘n republikeinse party, wat ‘n vry en onafhanklike Suid-Afrika begeer het en wat die ontwikkeling van ‘n eie Afrikaanse kultuur voorgestaan het;

‘n populistiese party, wat gekant was teen groot kapitaal soos beliggaam in die Anglo American Corporation en groot inkomsteverskille in die wit groep (maar nie veel bekommerd was oor die groot wit-swart inkomstegaping nie); en

‘n sosialistiese party, wat daarop aandring dat die staat ‘n spesiale verantwoordelikheid neem vir die armer blankes.

Studies van apartheid gaan omtrent deur die bank van die standpunt uit dat die Afrikaners tussen 1948 en 1980 so sterk die Nasionale Party aangehang het, omdat dit ‘n apartheidsparty was. Apartheid het natuurlik baie bygedra tot die sterk steun wat die NP geniet het, maar ‘n ander faktor wat geïgnoreer word, was waarskynlik van veel groter belang. Dit was die wyse waarop die NP bewind tot omtrent die middel-1970s sorg gedra het dat al die klasse en inkomstegroepe in Afrikanergeledere daarby baat gevind het.

Alle blankes het op grootskaal uit die beleid van apartheid voordeel getrek. Dit is egter belangrik om daarop te let dat binne die gelede van die Afrikaners daar nie ‘n bolaag was wat skielik ryk geword het en gelyk het of hulle op die soustrein ry nie. Die volgende tabel vertel ‘n merkwaardige verhaal .

**Tabel 1 Die inkomste van Afrikaners 1946 1960 1980<sup>14</sup>**

	1946	1960	1980
R0 – 6 000	89,1%	61,9%	51,4%
R6 000-12 000	9,1%	33,7%	36,2%
R12 000 - plus	1,3%	1,8%	8,3%

Ons kry die merkwaardige verskynsel dat teen 1946 die grootste gros Afrikaners in ‘n werkers- of lae middestand saamgebondel was. Min was buitensporig ryk en min was brandarm. Die grootste gros (89 persent) het tussen niks en R6 000 per jaar (1980 pryse) verdien, 9

---

14. T.J. STEENEKAMP, ‘n Ekonomiese ontleding van sosio-politieke groeppvorming met spesiale verwysing na die Afrikaner (Ph. D, Unisa, 1989), p.193.

persent het 'n inkomste van tussen R6 000 en R12 000 gehad het en slegs 1,3 persent 'n inkomste van bokant R12 000.

Teen 1960 vind ons dat die proporsie van Afrikaners met 'n inkomste van minder as R6 000 van 89 persent in 1946 tot 62 persent gedaal het, maar in wat ons die middestand noem, is daar nou 38 persent. Die proporsie rykes – Afrikaners met 'n inkomste van meer as R 12 000 – is nog steeds minder as 2 persent.

Ons kry dus 'n stewige middelklas, wat anders as in die geval van die swartes vandag, die kloof tussen armes en die rykes in Afrikanergeledere versag. Die rykes het nie die Afrikaner-beweging in hul eie belang gekeer soos wat so dikwels met ander soortgelyke bewegings gebeur nie.

Eers teen 1980 begin ons 'n meer substansiële ryk bolaag onder Afrikaners kry – ongeveer 8 persent het nou 'n inkomste van meer as R12 000. Daar is nog steeds omtrent 'n derde in die middel-inkomste groep, en die proporsie van mense wat minder as R6 000 verdien, staan nou op 51 persent, vergeleke met 62 persent in 1960 en 90 persent in 1946.

Die Afrikanerbewegings was merkwaardig egalitaries tot ongeveer die sewentigerjare. Tussen 1946 en 1980 het die inkomste ongelikheid binne Afrikanergeledere nie verskerp nie en onder mans selfs verbeter. Ons kan dit sien deur na die bekende Gini-ko-effisiënt vir die vlak van ongelikheid te kyk waar 0 = volkome gelykheid; 1= hoogste moontlike ongelikheid.

**Tabel 2: Gini ko-effisiënt vir Afrikaners in geselekteerde jare<sup>15</sup>**

	<b>1946</b>	<b>1960</b>	<b>1980</b>
Afrikanertotaal	<b>0,46</b>	<b>0,44</b>	<b>0,45</b>
Afrikanermans	<b>0,44</b>	<b>0,40</b>	<b>0,40</b>

Die vlak van ongelikheid (0,47) binne die swart groep teen 1975 lyk baie soos die Afrikaners teen 1946. Oor die volgende 25 jaar verander die prentjie onder swartes egter dramaties. Die inkomste ongelikheid onder swartes is nou van die hoogste in die wêreld en hoër as die 0,66 in 1978 vir wit-swart ongelikheid, wat op daardie stadium die hoogste was vir die 57 lande waarvoor gegewens bestaan het.<sup>16</sup>

---

15. *Ibid.*, p.208.

16. F. WILSON EN M. RAMPHELE, *Uprooting Poverty: The South African Challenge* (David Philip, Cape Town, 1989), p.18.

In die eerste helfte van die 1990s het die getal swartes in die boonste 20% van die inkomstegroepe in die totale bevolking met drie keer gestyg. In inkomste gemeet (let wel inkomste, nie rykdom nie) is daar nou meer swartes (1,85 miljoen) as blankes (1,65 miljoen) in die kategorie van die boonste 20%.

**Tabel 3 Gini ko-effisiënt vir swartes in geselekteerde jare<sup>17</sup>**

1975	1991	2001
0,47	0,62	0,62

As ons kyk na die verdeling van inkomste volgens groepe tussen 1946 en 1976 sien ons dat die groep wie se relatiewe aandeel in die eerste fase die meeste krimp dié van blanke Engelssprekendes was. Die groep het in die eerste helfte van die twintigste eeu die stedelike ekonomie, die staatsdiens en die professionele lewe heeltemal oorheers. Eers gedurende die 1940s het die Afrikaners hulle begin inhaal. Die Kleurlinge en swartes het geleidelik vordering tussen 1946 en 1976 gemaak, maar omdat hul bevolkingsgroei vinniger as blankes was, moet hul stadige vordering grootliks toegeskryf word aan diskriminasie.<sup>18</sup>

**Tabel 4 Persoonlike Inkomste van Groepe, 1946-1976<sup>19</sup>**

Jaar	1946	1960	1976
Blankes	74	70	63
Engelse	46	37	32
Afrikaners	30	33	32
Kleurlinge	5	6	8
Asiërs	2	2	3
Swartes	20	23	27

Ná 1976 kom daar 'n redelik vinnige herverdeling van inkomste weg van die blankes.

**Tabel 5 Persoonlike Inkomste van Groepe, 1985-1994<sup>20</sup>**

Jaar	1985	1990	1994
Blankes	59	54	49
Kleurlinge en Asiërs	12	13	13

17. L. SCHLEMMER (Et. al.), 'Investment 2000' (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1995), p.18 en mondelinge medeling deur L. Schlemmer.

18. H. ADAM EN H. GILIOME, *Ethnic Power Mobilized: Can South Africa change?* (Yale University Press, New Haven, 1979), pp.172-73.

19. H. ADAM EN H. GILIOME, *Ethnic Power Mobilized: Can South Africa Change*, p.170.

20. L. SCHLEMMER (Et. al.), 'Investment 2000' p.23.

Swartes	29	33	38
---------	----	----	----

## Bestek van die twintigste eeu

Die uitstaande Joodse intellektueel Elie Wiesel het opgemerk: 'Om te leef sonder 'n verlede is erger as om te leef sonder 'n toekoms.' Is daar 'n soort geskiedenis van die twintigste eeu waarmee die Afrikaners mee kan saamleef?

### (a) Polities

Een van die swakste voorspellings van die twintigste eeu was dié van Alfred Milner wat aan Joseph Chamberlain in 1899, net voor die uitbreek van die oorlog, oor Onze Jan Hofmeyr se konsepie van 'n Afrikanernasie geskryf het:

(If) the Transvaal were to disappear from the map as an independent state, his 'Afrikander nation' would be for ever doomed.<sup>21</sup>

Afrikaner nasionalisme het die grootste enkele politieke faktor in die eerste driekwart van die twintigste eeuse geword. Die groot keerpunt het nie in 1948 gekom nie, maar tussen 1902 en 1910 met Brittanje se besluit dat die kwessie van stemreg vir swartes in die Vrystaat en Transvaal kon wag tot nadat die verslane republieke selfbestuur ontvang het. Die ander faktor was die opdroog van blanke immigrante ná 1904, wat verseker het dat die Afrikaners die grootste groep in die blanke gemeenskap bly. Die derde ontwikkeling was die besluit in 1909 om die stemreg tot hoofsaaklik blankes te beperk en die Westminster-stelsel van demokrasie in die Unie van Suid-Afrika te gebruik.

Onder hierdie stelsel was dit feitlik 'n voldonge feit dat die grootste etniese groep binne die kieserskorps op een of ander stadium op 'n etniese grondslag sou mobiliseer om die mag te verower om daarna al die ander etniese groepe te marginaliseer. Daar is 'n 'winner-takes-all' logika in die Westminster-stelsel.

In 1994 het Afrikaner-nasionalisme finaal die politieke mag prysgegee. Sy beleid van apartheid het hom ten regte die muishond van die wêreld gemaak, maar terselfdertyd het apartheid en die stryd teen apartheid die Nasionale Party in so 'n mate onder die blankes gevestig dat die party, saam met sy veiligheidsdienste, eintlik 'n omvattende regime en die wit gemeenskap as geheel verteenwoordig het eerder as net 'n politieke party. Saam met die African National

---

21 . D. DENOON, *The Grand Illusion* (Longman, London, 1973), p. 238.

Congress het die NP die brug vir die oorgang tot 'n demokrasie gevorm. Sonder 'n sterk party aan blanke kant was geen demokratiese oorgang moontlik nie.

Die ander kenmerk van die oorgang was dat die blanke gemeenskap, alhoewel onder druk, redelik vrywillig die mag oorgedra het. Ek is nie bewus van enige ander gemeenskap in die wereldgeskiedenis wat dit gedoen het nie.

Dominante partye soos die NP word gemeet aan dit wat hulle nalaat. Die Kommunistiese diktatuur in die Sowjet Unie het by sy ineerstorting geen werkende ekonomiese sisteem nagelaat nie, en ook geen stabiele politieke basis of burgerlike gemeenskap nie. Die erfenis van die NP is omtrent presies die teenoorgestelde. Maar die ANC as huidige dominante party vertoon baie van die gebreke van sy voorganger: die sentralisasie van mag, onverdraagsaamheid teenoor die opposisie, die verpolitisering van die staatsdiens, die weiering om 'n skeiding tussen die publieke en die private sfeer te maak

## **(b) Ekonomie**

Die jaar 1948 was nie net die jaar waarin die NP op die platform van apartheid aan die mag gekom het nie, maar ook die jaar waarop die eerste Afrikaanse maatskappy, Anton Rupert se Distillers Korporasie op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is. Vir feitlik die hele eerste helfte van die twintigste eeu het Afrikaners die politiek gedomineer, maar daar was geen Afrikaanse maatskappy op die beurs genoteer nie. Ook dit is redelik uniek in die wêreld.

Wat gebeur het, is dat die Afrikaners en Engelse informeel die ekonomiese koek tussen hulle verdeel het: Die Afrikaners het die korporasies in die publieke sektor, en by name korporasies soos Yskor, Eskom en Sasol bestuur, terwyl die Engelse amper volkome die genoteerde maatskappye beheer en bestuur het.

Dit het amper 30 jaar ná 1948 gevat vir oorwegend Afrikaanse maatskappye om 20 persent van die privaat sektor te beheer.<sup>22</sup> Tans is die beheer van ongeveer 33 persent van die maatskappye op die beurs in Afrikaanse hande.

Hoe die Afrikaners hierdie deel van die privaat sektor bekom het, is dikwels die onderwerp van bespiegeling. Enige behoorlike ondersoek sal aantoon, dat behalwe vir die noordelike persmaatskappye daar nie sprake daarvan is dat staatskontrakte, of om meer spesifiek te wees, onbehoorlike staatskontrakte, hierdie Afrikaanse maatskappye gehelp

---

22 . H. ADAM EN H. GLIOME, *Ethnic Power Mobilized: Can South Africa change?* p.170.

het om winsgewend te raak nie. Daar is ook geen getuienis dat die uitbuiting van Afrikaner sentiment oor die medium tot langer duur vir 'n bepaalde maatskappy enige winste afgewerp het nie. Geen Engelse korporasie het 'n Afrikaanse maatskappy of 'n groep Afrikaanse sakelui of maatskappy gehelp om op die voete te kom nie. Ek het onlangs vir dr. Anton Ruper gevra of hy aan een sodanige geval kan dink. Hy het gesê nee, en hy is bly daarvoor.

Die *Financial Mail* van 6 Oktober 2000 rapporteer dat navorsing van Unisa se Buro van Marknavorsing gevind het dat die 15 persent van Suid-Afrikaners wie se moedertaal Afrikaans (ongeveer 6,5 miljoen mense) die grootste enkele segment in die verbruikersmark is. Hulle besit 32 persent of ongeveer R185 biljoen van die totale huishoudelike inkomste in die land van R560 biljoen. Tweede kom die 3,7 miljoen Engelssprekendes wat ongeveer 28 persent besit. Afrikaanssprekendes betaal die meeste persoonlike inkomstebelasting (37%) van al die taalgroepe.<sup>23</sup>

Die syfer vir Afrikaanssprekendes as geheel verbloem die feit dat Afrikaners sedert 1990 nie veel vordering gemaak het nie. Die minderheidsgroep wat die beste in die laaste dekade gevaar het, is die Indiërs terwyl wit Engelssprekendes nog steeds beter gekwalifiseer is en 'n hoër inkomste het as die Afrikaners. Opnames van die maatskappy MarkData vir die jaar 2001 dui daarop dat 49 persent van wit Engelssprekendes 'n post-Matriek kwalifikasie het teenoor 38 persent vir die Afrikaners. Daar is betekenisvol meer Afrikaners met Standerds 8 en 9 as hoogste kwalifikasies as Engelssprekendes. In die hoogste inkomstegroep van die opnames naamlik 'n gesinsinkomste van meer as R16 600 per maand, is daar 21 per sent wit Engelssprekendes teenoor 8 persent Afrikaners en 10 persent Indiërs. Ten spyte van die diskriminasie wat hulle ondervind het, het Indiërs op die hoogste inkomstevlak die Afrikaners verbygesteek. Daar is egter heelwat meer arm Indiërs as arm Afrikaners.<sup>24</sup>

### (c) Kultureel

Aan die begin van hierdie eeu was Afrikaans sonder enige publieke status. 'n Jong advokaat, C.J. Langenhoven, het sy twyfel daaroor uitgespreek dat dit ooit as literêre taal kon ontwikkel. Teen die 1970s het Afrikaans as publieke medium wat alle hoë funksies kan vervul skouspelagtig ontwikkel. Kloss, 'n gerekende Duitse taalgeleerde, het in 1977 geskryf:

---

23. J. PILE, "Booze is the great equaliser" in *Financial Mail*, 2000.10.06 <http://www.fm.co.za/00/1006/trends/btrend.htm>

24. Mondelinge kommunikasie deur Lawrence Schlemmer, 26 April 2001.

Behalwe as Arabies as 'n Afrikataal beskou word, is Afrikaans die enigste nie-Europese/nie-Asiatiese taal wat volle universitêre status verwerf het. Daar is geen sodanige taal in Oseanië, in Noord- of Suid-Amerika of in die res van Afrika nie.<sup>25</sup>

Kloss het 'n ander eienskap onderstreep. Afrikaans is die moedertaal van twee gemeenskappe, Afrikaners en bruinmense. Dit is in 'n unieke posisie om aan ander gemeenskappe te toon hoe groot die potensiaal van hul eie volkstaal is en hoe om die potensiaal te ontwikkel.

In 1996 het die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (1996:392) die status van Afrikaans soos volg gedefinieer.

It is a recognized, self-sufficing and sophisticated medium of academic expression. It has proven its intellectual value and utility as a language of tertiary education and of scholarly communication and debate. Its further development as an academic language is supported and guaranteed by a fount of creative experience, as well as by a firmly established infrastructure of lexicography and other necessary back-up systems.<sup>26</sup>

Hierby kan 'n mens voeg 'n sterk letterkunde met veral digkuns wat uitstaande is, en koerante en tydskrifte wat oor die algemeen op 'n hoër peil as hul Engelse ekwivalente staan.

### **Die huidige situasie.**

Die groot vraag is waarom so baie Afrikaners verval het in 'n gees van defaitisme na die geweldige aanwending van energie en geesteskrag die afgelope eeu. Die eerste antwoord is dat Afrikaners vir 50 jaar lank wysgemaak is dat beheer oor die staat onontbeerlik is vir Afrikaner-oorlewing. Baie mense voel nou dat die stryd finaal verlore is of dat apartheid 40 verlore jare was waarvoor Afrikaners altyd die skuld sal moet dra.

'n Mens kan die saak egter ook heeltemal anders sien.

---

25 . H. KLOSS, *The Unfolding of Afrikaans in its Germanic and World Context* (Publikasies van die Universiteit van die Noorde, Reeks B, 13, Universiteit van die Noorde, Pietersburg, 1977), pp.11-12.

26 . Republic of South Africa (RSA) Report of the National Commission on Higher Education, 1996, p.392.



## Apartheid 'n ekonomiese ramp?

Ten eerste was apartheid nie die ekonomiese ramp soos wat dit so dikwels voorgestel word nie. Suid-Afrika het onder apartheid teen ongeveer dieselfde gemiddelde koers gegroei as ander lande op dieselfde vlak van ontwikkeling.<sup>27</sup> Apartheid het wittes baie bevoordeel, maar dit het ook wittes op 'n ontwikkelingspeil geplaas waar hul wel kan kompeteer op grond van hul vaardighede en waar hulle kans kon sien om in 'n veelrassige demokrasie en 'n arbeidsmark wat teen hulle gekantel is, te oorleef. Die probleem met blankes vandag is nie dat hul geleenthede te min is nie, maar dat immigrasie 'n werklike opsie is vir die beste geskooldes.

Ten tweede is dit verkeerd om te dink dat die Afrikaners se oorlewingskans fataal geknou is omdat hulle te laat onderhandel of hul verteenwoordigers te swak onderhandel het. Myns insiens was dit nie moontlik om te onderhandel voor die Berlynse Muur geval en die konflik tussen die Weste en die Ooste beëindig is nie. As ek na die ANC se vertoning vandag kyk, twyfel ek of enige grondwet hom aan bande sou lê. Magsdeling en verskanste regte werk slegs met 'n gewillige meerderheidsparty wat die perke van sy eie mag ken en by wie die welvaart van die land meer as dié van die party tel.

Blankes kon niks doen aan die werklike rede waarom apartheid beëindig moes word nie. Dit is die skouspelagtige swart bevolkingsgroei. Dit is ironies dat waar die beskuldiging van volksmoord soms teen die apartheidsbewind gemaak word die groeikoers onder swartes in die laaste dekade van apartheid 50 persent hoër as in die dekade voor apartheid was. Swart lewensverwagting onder apartheid het van 38 tot 65 toegeneem. Daar was amper twee keer soveel swartes teen 1994 as die getal waarvoor die apartheidsbeplanners van die 1950s voorsiening gemaak het. Toe dr. H.F. Verwoerd in die vroeë 1960s sy apartheid bloudruk bekend maak het, het blankes nog 20 persent van die bevolking uitgemaak; teen die vroeë 1990s was hulle kwalik meer as 10 persent. Swart bevolkingsgroei het soos 'n golf die sandkastele van apartheid weggespoel.

Ten derde ly die Afrikaners aan wat 'n mens post-totalitêre uitputting kan noem. In die opsig kan ons apartheid vergelyk met kommunisme waar een enkele beginsel die hele samelewing georden en in stand gehou het. Wanneer daardie beginsel gediskrediteer raak, stort nie alleen die stelsel in duie nie, maar saam daarmee ook wat ons in die apartheidstyd genoem het 'n bepaalde lewens-en wêreldbeskouing.

---

27. T. MOLL, 'Did the Apartheid Economy fail?' *Journal of Southern African Studies*, 17(2), June 1991, pp. 271-91.

Elena Bonner, weduwe van Andre Sakharov, skryf in die *New York Review of Books* oor die politieke klimaat in Rusland. Mense, merk sy op, is polities totaal uitgeput, hulle is vervul met negatiewisme en fatalisme. En, voeg sy by, hulle het geen oortuigings nie.<sup>28</sup>

Dit is in so 'n klimaat dat opportuniste gedy. In Suid-Afrika is daar ook tans ook 'n oorfloed van politieke jappies wie se oorheerensende kenmerk die afwesigheid van enige bepaalde politieke oortuigings is.

Is daar sprake van 'n kroniese Afrikaner-minderwaardigheidskompleks? In 1947 het ds JK Albertyn en ander predikante in die werk *Kerk en Stad* oor die verstedelike Afrikaners se minderwaardigheidskompleks geskryf. Hulle het 'n prentjie geskets wat amper woordeliks vandag geldig is. Hulle merk op dat vir die minder geskoolde Afrikaners gesê word dat daar is geen plek vir hulle in die stedelike ekonomie nie is. Die deure van die sterk vakbonde was vir hulle gesluit.

Met die meer gegoede Afrikaners het dit nie veel beter gegaan nie. Ek haal Albertyn en sy medeskrywers aan:

In die stad het hy (die Afrikaner) met 'n vreemde dog magtige kultuur in aanraking gekom. Sy eie taal, kultuur en godsdiens was genegeer en verag. Dit was vir hom gerade-het hy gemeen-om in alles: taal, lewenswyse, godsdiens (of ongodsdienstigheid), mammonaanbidding, harde individualisme, die heersende sienswyses te volg. Om in die stad te kan aard, moes hy as Afrikaner ontaard; om sosiaal vooruit te gaan, moes hy nasionaal agteruitgaan.'<sup>29</sup>

Apartheid het vir die Afrikaner 'n valse selfvertroue gegee. Nie alleen moes hy nou 'n vurige nasionalis wees om gereken te word nie. Maar hy het nou selfs geglo dat hy die resep vir vrede in Suid-Afrika ontdek het. Hy wou hê dat elke persoon lid van 'n bepaalde nasionale gemeenskap moes word, en dat die staat elke Suid-Afrikaner moes klassifiseer en by 'n bepaalde nasie indeel wat sy eie Christelik-nasionale roeping moes vervul.

---

28. E. BONNER, "The remains of totalitarianism" in *The New York Review of Books*, 8 Maart 2001. <http://www.nybooks.com/nyrev/WWWarchdisplay.cgi?20010308004F>

29. J.R. ALBERTYN, P. DU TOIT EN H.S. THERON, *Kerk en stad: verslag van die Kommissie van ondersoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika* (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1947), p. 217.

Ek is nie een van die mense wat aan kollektiewe skuld glo nie. Wel is ek somtyds skaam oor die matelose arrogansie van apartheid om aan alle mense in die land 'n bepaalde identiteit voor te skryf en af te dwing.

As gevolg skaam-wees oor die eksesse van Afrikaner-nasionalisme ly baie Afrikaners weer aan die sindroom van minderwaardigheid wat Albertyn en sy mede-skrywers 60 jaar gelede beskryf het. Hulle is skaam om vir Afrikaans op te kom omdat dit dan verkramp of onhoflik sou wees. Ons hoor die onsin dat Afrikaans hom in die markplek moet bewys terwyl veel sterker tale in die wêreld goed beseft dat geen taal, behalwe Chinees en Spaans, teen Engels in ongebreidelde kompetisie kan kers vashou nie.

Ons tref die verskynsel aan dat bitter min Afrikaanse mense of maatskappye wat met Afrikaanse geld begin is bereid is om strategies en struktureel te dink oor die oorlewing van Afrikaans. Die meeste maatskappye is versigtig om nie Afrikaanse verbruikers aanstoot te gee nie en sal om die rede nog Afrikaans gebruik, maar 'n mens kan op die vingers van jou een hand die instansies tel wat bereid is om te investeer sodat Afrikaans sal oorleef of om organisasies te steun wat hulle hierdie doel voor oë stel.

Meningsopnames wat gedurende die 1990s gedoen is, dui aan dat meer as vier-vyftes van Afrikaners op vroeë aandui dat hulle gegrief voel oor die drastiese afskaling van Afrikaans as publieke taal dui. Wanneer hulle egter spontaan antwoord oor sake wat hulle die meeste raak, sak die beskerming van taal en kultuur tot 3 persent. Blankes – en daar is feitlik geen verskil in die houdings tussen Afrikaners en blanke Engelssprekendes nie – is in die eerste plek bekommerd oor misdaad en regstellende aksie.<sup>30</sup>

In hierdie omstandighede het Afrikaans 'n weeskind geword waarvoor niemand verantwoordelikheid wil neem nie. Sekerlik word daar soms vir die kind feesgevier, maar dag vir dag dink hoofde van departemente aan universiteite liever aan die oorlewing van hul vak as die oorlewing van Afrikaans; rektore eerder aan staatsdienssubsidies as die karakter van hul universiteit, maatskappye aan hul reënboogbeeld eerder as hul historiese wortels. Dit is moeilik om nie in die meer akute gevalle van knie buig en stert swaai met walging oorweldig te word nie. Vir my is die naamsverandering van wyne van die Breërivier Korporasie na Wide River die mislikste voorbeeld van 'n minderwaardigheidskompleks.

---

30. L. SCHLEMMER, 'Factors in the persistence or decline of ethnic group mobilisation: A conceptual review and case study among Afrikaners in post-apartheid South Africa', doktorske proefskrif, Universiteit van Kaapstad, 1999, pp.192-194.

Daar is kultureel gesproke een sentrale vraag in hierdie land. Kan hierdie geslag sorg dat Afrikaans as publieke taal aan die volgende geslag oorgedra word en is dit moontlik om in hierdie stryd bondgenootskappe met ander tale te sluit?

Die groot politiese vraag is: Kan blankes en veral Afrikaners deel word van transformasie op so 'n wyse dat hulle nie bloot geko-opteerdes word of, nog erger, slagoffers van transformasie word nie, maar medewerkers en medeskeppers van 'n nuwe en beter Suid-Afrika?

My argument is dat die twee nie van mekaar te skei is nie. Hoe meer die politieke en ekonomiese elite toelaat dat Afrikaans as publieke taal verskraal hoe meer sal sal hulle vind dat die breë laag mense hul speletjie al meer sien as 'n 'mammonaanbidding' sonder enkele verheffende kulturele of morele waarde.

### **Bird's-eye view of an Afrikaner history over 350 years**

The formation of an Afrikaner people can be best understood as the outcome of certain forces: a relative balance between the sexes in the white population after 1725; the role of the church and the relatively strong position of white women. The unfolding of South African history can be understood in terms of C.W. de Kiewiet's dictum of South Africa as a country of low grade land, low grade gold and low grade people. The first refers to the fact that only a small part of South Africa is arable. It led to migrants farmers dispersing over a large area and becoming dependent on black and brown labour. Low grade gold sucked large numbers of workers to the Witwatersrand and reinforced the trend towards heavy use of migrant black labourers. By low grade people De Kiewiet meant the lack of qualifications of a large part of the labour force, including Afrikaner workers. This was the background against which the policies of segregation and apartheid were introduced .